

20 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 10:16-25
Fokusgedeelte: Matteus 10:16

Soos skape tussen wolwe

Dit vra iets van 'n mens om 'n gesant van Jesus Christus te wees. Hy stuur sy volgelinge immers soos skape tussen wolwe in. En dit beteken dat daar swaar tye sal kom en dat daar offers gebring sal moet word. Skape is weerloos en kwesbaar. Wolwe verniel en verskeur.

Die eerste Christene het dit aan hulle lyf gevoel. Dit was nie vir hulle vreemd om aan geregshowe uitgelewer te word of om in sinagoges gegésel te word nie. Enkeles, soos die apostel Paulus, is selfs voor goewerneys en konings gedaag. Hulle het geweet wat dit beteken om ter wille van Jesus Christus deur almal gehaat te word. Hulle was werklik soos skape tussen wolwe.

Ons ervaar dit vandag meestal op 'n ander wyse. Al word jy nie vervolg en voor die gereg gedaag nie, is daar weerstand teen die evangelie en minagting en bespotting. Of daar is belangeloosheid, mense wat geen reaksie toon nie. Dan is daar ook diegene wat na 'n oënskynlike bekering in groter onverskilligheid verval.

Daarom moet jy versigtig en opreg wees. Hou rekening met die feit dat jy soos 'n skaap tussen wolwe is. Moet egter nie huiwer of terugdeins nie. Sien die geregshowe en die situasies waar jy uitgedaag en bespot word as geleenthede om die evangelie te verkondig. Onthou dat dit Jesus Christus is wat jou stuur, Hy wat alle mag in die hemel en op aarde het.

Dit is jou troos en jou krag, want Jesus Christus stuur jou nie net nie, Hy rus jou ook toe. Hy lê jou, vir daardie moeilike situasies wanneer jy nie weet watter kant toe nie, die woorde in die mond. En dan is dit nie meer jy wat praat nie, maar die Heilige Gees. So maak Hy dit vir jou moontlik om soos 'n skaap tussen wolwe in te gaan.

Sing: Psalm 23:2 (1936)

Ds. CJH Breed (Secunda)